

**Maandag 28 Oktober**

<b>Skrifgedeelte: Openbaring 7:1-8; Johannes 10:25-30</b>	<b>Fokusgedeelte: Johannes</b>
---	--------------------------------

**0:27-29**

### **Wedergeboorte – opgewek tot ewige bewaring**

Niks is seker nie! – dit is die uitroep van ons samelewing vandag. In al die mens se aktiwiteite en in sy geswoeg dag na dag vind ons 'n hulpeloosheid in sy hart. Vrae van betekenisloosheid, ontkenning en onsekerheid is duidelik te vinde in die wêreld. Baie keer spoel hierdie vrae egter oor na ons as gelowiges. Ons leef soms hulpeloos. Ons vergryp ons, want ons dink miskien sal “dit” ons betekenis gee. Ander kere leef ons asof ons verslaan is op die oorlogsveld.

Christus gee ons egter die sekerheid van sy troos. Hy is ons Herder en Hy ken elkeen van ons. Hy is ons sekerheid dat ons uit die dood opgewek sal word. Ons is in sy hand en niemand kan ons daaruit weg ruk nie. Nie die duiwel nie, nie die wêreld nie en ook nie onself nie.

Die Herder beskerm sy skape, want hulle is syne. Ons kan met vertroue glo in Hom, want sy bloed is ons seël in hierdie lewe en in die volgende.

Ons het saam met Christus gesterf en 'n nuwe mens het opgestaan in Hom. Eens was ons wolwe, maar nou is ons skape van ons Herder.

'n Mens kan vra, maar hoe is dit nou vir my 'n troos in hierdie lewe? Wel, as ek en jy kan glo dat God mag het oor die dood, en Hy het, hoeveel te meer kan ons nie glo dat Hy ons sal versorg dag vir dag nie. Hy versorg ons soos 'n herder sy skape lei na groen weivelde.

Wanneer die wêreld in onsekerheid rondwaal, kan ons met sekerheid, hoopvol bely: ons Herder is by ons en Hy bewaar ons, as sy skape, tot in ewigheid.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7 (Eerste Melodie)*

*Teologiese Student JA Coetsee (Jandré)*